Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

DESEMBER 2024

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

#C4ourself

BOODSKAP VAN BURGEMEESTER RABIE

"Al lyk die onweerswolke hóé dreigend, volg bloot die lig"

My opregte dank aan ons inwoners vir hul ondersteuning en samewerking, en aan Munisipaliteit Overstrand se werknemers vir hul harde werk en toewyding gedurende die afgelope jaar. Dit was nie 'n maklike een nie: Die meeste mense is swaar getref deur die stygende lewenskoste, en die natuur het ons daaraan herinner dat om langs die kus te bly soms 'n bietjie uitdagend kan wees.

Dankie tog dat al is die wolke hóé donker en dreigend, is daar altyd diegene wat gewillig en bereid is om vir 'n ligpuntjie in ander se lewens te sorg.

Vanjaar wil ek graag 'n spesiale woord van dank uitspreek teenoor al die burgerlike organisasies, NRO's, OSW's, belastingbetalersverenigings, sopkombuise, vrywilligers en gewone burgers wat hulle daarvoor beywer om vele se lewens op te hef, hetsy deur finansiële ondersteuning of deur onbaatsugtig hul tyd en energie daaraan te wy om vir almal se onthalwe van Overstrand 'n beter plek te maak om in te woon en te werk.

Swaarkry is nie iets wat weggewens kan word nie. Nogtans wens ek 'n ieder en 'n elk die allervreugdevolste feesseisoen toe. Mag die teenwoordigheid van jou geliefdes – of dit nou in jou hart of in jou huis is – troos en vrede bring.

My hoop vir ons inwoners en die munisipaliteit is dat 2025 'n jaar sal wees waarin drome verwesenlik word en ons almal weer opnuut sal aanspoor om meer te vermag en harder te werk. Mag ons almal ook mooi besin oor die feit dat ondanks al ons verskille, ons almal tog maar dieselfde is: Almal van ons smag na liefde en vrede, en om 'n geleentheid gegun te word om 'n verrykende en sinvolle bestaan te voer.

Twintig-vyf-en-twintig hou vele beloftes in en gaan 'n opwindende jaar wees want Munisipaliteit Overstrand is vas van voorneme om met ywer sy strewe om 'n Overstrand vir almal te skep, na te jaag.

Ter herdenking van **WAPENSTILSTANDSDAG** is gepaste eer by twee geleenthede betoon aan diegene wat so moedig tydens die Eerste Wêreldoorlog geveg het. Duiwe is losgelaat in die begraafplaas waar ons gesneuwelde helde ter ruste gelê is, en diegene wat die kransleggingseremonie by die Senotaaf in Hermanus se Ou Hawe bygewoon het, het plegtig beloof om hulle nooit te vergeet nie. Hierdie oorlogsgedenkteken is in 1929 opgerig ter herdenking aan die elf vrywilligers vanuit Hermanus wat nooit teruggekeer het nie.

Teenwoordig by die seremonie was wetstoepassingsinspekteur Ethelbert Lombaar, onderburgemeester Lindile Ntsabo, verkeersbeampte Ralmon Hansen en Peter Goldie, 'n verteenwoordiger van die MOTH-eenheid op Hermanus bekend as die Seagull Shellhole. Saam met hulle is kadet Bailey, 'n verteenwoordiger van die OS Birkenhead-seekadette in Hawston.

KANTOORSLUITINGS OOR FEESSEISOEN

Munisipale kantore gaan grotendeels oor die feesseisoen op weeksdae gedurende normale kantoorure (07:45 – 16:30) oop bly.

Die uitsonderings is die 16de Desember ('n openbare vakansiedag) en die dae rondom Kersfees en Nuwe Jaar:

- **KERSFEES**: Munisipale kantore sal om 13:00 op die 24de Desember sluit en om 07:45 op die 30ste Desember heropen.
- **NUWE JAAR**: Munisipale kantore sal om 13:00 op die 31ste Desember sluit en om 07:45 op die 6de Januarie 2025 heropen.

Kantoorsluitings ten spyt, let daarop dat alle noodsaaklike dienste soos normaalweg dwarsdeur die feesseisoen gelewer sal word.

Voorts sal Overstrand se 24/7-beheerkamer sowel as brandweer-en-reddingsdienste deurentyd ten volle beman wees sodat daar onmiddellik met enige noodgeval gehandel kan word.

Om 'n bedryfsverwante of diensleweringskwessie te rapporteer, bel **028 313 8111** of meld die aangeleentheid via die Collab Citizen App aan.

In geval van 'n brand of 'n reddingsverwante of mediese noodgeval, bel **028 312 2400** dadelik.

HUISHOUDELIKE AFVAL

Openbare vakansiedae en kantoorsluitings ten spyt, vullis sal soos normaalweg verwyder word.

Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op 'n ieder en 'n elk om op 'n verantwoordelike wyse met hul afval weg te doen en om hulle volle ondersteuning te gee vir ons pogings om ons dorpe skoon te hou.

- Hou by die vullisverwyderingskedule vir jou area.
- Gebruik rolvullisdromme/swart sakke en sit daardie dromme/sakke op die sypaadjie ***slegs*** op die oggend van die geskeduleerde vullisverwyderingsdag op die sypaadjie uit en dan teen nie later nie as 07:00.
- Moenie vullissakke/-dromme oornag op die sypaadjie los nie.
- In areas waar bobbejane 'n probleem is, moet jy van 'n bobbejaanbestande drom gebruik maak om met jou huishoudelike vullis weg te doen.
- Vir ons is herwinning 'n saak van erns. Skei asseblief jou huishouding se afval: Swart sakke is vir "nat" afval; die deursigtige sakke is vir herwinbare artikels.
- Skoon tuinvullis moet by een van die volgende afgelaai word: die Gansbaai-vullisterrein; die Bettysbaai-tuinafvalterrein; of die oorlaaistasies in Hermanus en Kleinmond. As 'n alternatief, maak gebruik van die openbare aflaaiterreine in Stanford en Pearly Beach.
- Wanneer tuinafval ook al vervoer word, maak asseblief gebruik van seile of nette om die vrag te bedek en te beveilig.
- Al die fasiliteite waarna hier bo verwys word, is oop van 08:00 tot 17:00 op weeksdae, en die meeste is ook oop op Saterdae en openbare vakansiedae, maar dan vir verkorte ure.
- Moenie vullissakke, ou meubels of huishoudelike apparate langs die pad of op oop erwe stort nie.
- As jy jou eiendom verhuur, maak seker dat jou huurders deeglik bewus is van die reëlings met betrekking tot die wegdoening van huishoudelike afval.
- Let daarop dat sommige areas in die Overstrand "vullisdrom-vry" verklaar is. Respekteer hierdie areas asseblief deur jou rommel saam met jou huis toe te neem.

Moenie toelaat dat onverantwoordelikheid jou vakansie bederf nie:

WEES VEILIG WEES SLIM **WEES BEDAGSAAM**

Stel veiligheidheid altyd voorop en gehoorsaam die reëls.

WEES VEILIG

- Moet liewer nie ná donker alleen rondloop nie; bly altyd op goedverligte, bedrywige paadjies.
- Voordat jy 'n voet by die deur uitsit – of dit nou is om te gaan swem, 'n draai in die winkels te gooi of wat ook al – maak altyd seker iemand is bewus van jou planne en wanneer om jou terug te verwag.
- Hou waardevolle items buite sig en moet hulle nooit onbewaak laat nie.
- Parkeer in goedverligte, veilige areas en maak seker jou besittings is beveilig.

WEES WYS

VOETSLANERS

- Moet nooit alleen gaan stap nie.
- Bly op die bekende paadjies.
- Wees voorbereid: sorg dat jy water, ietsie te ete, 'n hoed, sonskerm en 'n windjekker byderhand het en dat jou foon gelaai is

BAAIERS

- Luister na die lewensredders.
- Swem tussen die rooi en geel vlaggies.
- Wees bedag op trekstrome.
- Moenie gaan swem as jy onder die invloed is nie.

Verveling is nie 'n opsie in die Overstrand nie

Besoek http://www.whale-coast.info/events vir 'n volledige lys van die pret en plesier, vertonings en markte wat daagliks aangebied word

GEEN VUURWERKE

- Vuurwerke en klappers is streng verbode.
- Papierlanterns is verbode.
- Fakkels mag slegs vir noodgevalle ter see gebruik word.
- Braai in aangewese areas.
- Moet nooit 'n braaivuurtjie onbewaak laat nie.
- Maak seker dat jy jou braaivuurtjie behoorlik blus.
- Raak op 'n verantwoordelike wyse van stompies ontslae.

PADVEILIGHEID

- Gordel vas.
- Moet nooit drink en bestuur nie.
- Hou by die spoedperk.
- Handhaaf 'n veilige volgafstand.
- Moenie teks en bestuur nie.
- As jy gaan draf of fietsry, sorg dat ander jou kan sien.

WATER

- Dis skaars. Moenie daarmee mors nie.
- Tuine mag nie tussen 9 vm. en 5 nm. natgelei word nie.

GEHOORSAAM DIE REËLS

- Hou honde aan 'n leiband in openbare areas, ingeslote strande, staproetes en wandelpaadjies.
- Hou altyd 'n sakkie byderhand om agter jou hond skoon te maak.
- Moenie kuttels in die sand begrawe of in die see/lagune gooi nie.

MUNISIPALE DIENSTE:
OVERSTRAND 24/7-BEHEERKAMER
028 313 8111
COLLABORATOR CITIZEN APP

LASTIGE BOBBEJANE
HERMANUS-BLITSLYN:
072 028 0008
BETTYSBAAI-/PRINGLEBAAI -BLITSLYN: 069 1515 962

As daar rook trek, brand dit waarskynlik iewers.

RAPPORTEER VERDAGTE BRANDE ONMIDDELLIK!

Die brandseisoen het aangebreek. Van allergrootste belang nou is om so gou en so doeltreffend as moontlik te reageer op enige brand wat 'n potensiële bedreiging inhou.

'n Lang, warm somer lê voor.

Juis daarom moet ons vir die beswil van almal nou ekstra bedag wees op die eerste tekens van 'n brand sodat die nodige maatreëls betyds getref kan word om wegholbrande te verhoed.

Ons doen 'n beroep op alle inwoners om enige tekens van rook onmiddellik te rapporteer.

Onthou, julle is Munisipaliteit Overstrand se oë op die grond.

MOENIE HUIWER NIE: As rook verdag voorkom, stel Overstrand se brand-weer-en-reddingsdienste onmiddellik in kennis deur **028 312 2400** te bel.

TREF ASSEBLIEF OOK DIE NODIGE VOORKOMENDE MAATREËLS OM JOU HUIS TEEN BRANDE TE BEVEILIG:

- Sny oorhangende bome en struike terug.
- Maak die geute skoon.
- Raak ontslae van alle oorbodige vlambare rommel.
- Maak seker dat die brandstroke tussen jou eiendom en aangrensende grasvelde redelike weerstand teen die verspreiding van wegholbrande kan bied.

Jou samewerking in hierdie verband word hoog op prys gestel!